

Sing vooraf staande: Psalm 38:2, 8 (p. 189)

- 2 In my dring u strafgerigte, / HEER, soos skigte / wat my hart deurboor soos staal.
Ja, die hand wat hul gedryf het / in my lyf, het / self ook op my neergedaal.
- 8 HEER, U weet hoe hart en sinne / staan daarbinne / as ek worstel in my leed.
Voor U is my sugte en sorge / nie verborge, / daar U alles sien en weet.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 68:8 (p. 333)

- 8 Gods eng'lemagte bo die swerk / het, tien en tien maal duisend sterk, / slagvaardig uitgeswewe;
by hulle is sy majesteit / 'n Sinaï in heiligheid, / deur bliksemlik omgewe.
U het omhoog gevaar vol eer; / die kerker was u buit, o HEER, / en gawes u beloning
wat neerdaal op die mensekind; / selfs wie opstandig is, dié vind / by U, o HEER, 'n woning.

Gebed

Psalm 66:7, 9 (p. 322)

- 7 Kom luister toe, o Godgesinde! / Kom, almal wat die HERE vrees!
Ek sal vertel aan al sy vrinde / wat Hy gedoen het aan my gees.
Ek het geroep, God het geluister / toe alles nag was om my heen;
en voor die lig skyn deur die duister, / was God my lof, net Hy alleen.
- 9 Lof sy Gods goedertierenhede, / sy Naam sy ewig lof en prys!
Hy het gehoor na my gebede, / my onverhoord nooit afgewys.

Skriflesing: Genesis 3:8 – 19 en 2 Korintiërs 10:15 – 11:11

Teks: 2 Korintiërs 11:3 en Kategismus Sondag 4

Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. (2 Korintiërs 11:3 AFR1953)

Adam en Eva het oortree. Toe vlug hulle uit vrees vir die straf wat daarop gaan volg.

- Hulle gewetes het hulle aangekla.
- Net soos dit met ons gebeur, het hulle skuldgevoelens ook oor hulle die oorhand gekry.
- Soms sluimer ons skuldgevoel, maar die Heilige Gees maak dit telkens weer wakker, en dan vlug ons weg, net soos Adam en Eva, omdat die teenwoordigheid van die Here ons bangmaak.

Ons het meer nodig as net ons gewetes om te weet van al ons sondes en die straf van die Here, want ons is nie meer so volmaak soos Adam en Eva nie.

Ons moet uit die Woord van God geleer word, en daarmee saam die lig van die Heilige Gees, sodat ons alles reg kan begryp.

Ons leer uit Genesis 3 drie dinge:

- 1. Die Here het die reg om ons te straf, al wil ons nie glo dat ons sonde gedoen het nie.**
- 2. Die straf is swaar, omdat die sonde so groot is.**
- 3. Die straf oor ons is ook verseker, al is God ook barmhartig.**

1. Die Here het die reg om ons te straf, al wil ons nie glo dat ons sondes gedoen het nie.

Onder die moderne mense is daar baie keer 'n debat aan die gang wat handel oor die reg wat God het om mense te straf.

- Die redenasie loop dan meestal so dat God onregverdig is as Hy mense straf.
- Die redeneerders beweer dan dat die Here immers weet dat ons nie beter kan nie.

So 'n redenasie ontken dat die oordeel van die Here regverdig is, net soos Adam ook gedoen het.

- Adam het selfs met die Here getwis:
 - Hy is onskuldig!
 - Dis hierdie vrou wat die Here gemaak het wat die moleste veroorsaak het!
 - Dis eintlik die Here se skuld dat dinge skeefgeloop het, want dis die Here wat die vrou gemaak het wat hom tot sonde verlei het.

Sal die Here dit verdra dat 'n sondige mens Hom daarvan beskuldig dat Hy onregverdig is?

- God het tog die reg gehad om van die mens te eis om Hom te dien.
- Hy het ons immers gemaak, en Hy het dit as rede vir ons bestaan gestel.
- God het ons ook nie net gemaak nie – Hy het ons so goed gemaak dat ons Hom kon dien, as ons net wou!

Die Here het ook nie verander nie, maar die mens het verkeerd geraak. Daar staan in Prediker 7:29:

Kyk, net dit het ek uitgevind: dat God die mens reg gemaak het, maar hulle het baie slim planne gesoek. (Prediker 7:29 AFR1953)

Dit staan net in ander woorde in Miga 6:8 neergeskryf:

Hy het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is; en wat vra die HERE van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God? (Miga 6:8 AFR53)

Die Here het van ons niks anders gevra nie, as net dat ons Hom reg moet dien.

Dit beteken dat die gebod van die Here nog net so heilig is soos altyd. By die Here en sy wet het niks skeefgeloop of verander nie.

- Dit is ons wat deur die sonde onmagtig geword het.
- Ons het ons werklike adel verloor.

Ons sou kon voel dat die Here se straf onregverdig is as ons so hopeloos geskape was dat ons niks goeds kon doen nie. Maar nou is die saak heeltemal anders.

Die Here is goed en reg.

- Daarom is alles wat Hy skape ook goed en reg – ook die mens.
- Totdat die mens besluit het om sy rug op sy Skepper te draai, was hy volmaak en sonder sonde.

Nou is dinge anders:

- Ons weerstaan God en sy wet.
- Ons hou ons doof vir die Heilige Gees en blind vir God se genade.
- Ons sondig voluit, met alles in ons – ons krag en verstand.
- Eers kon ons sonder sonde lewe, maar toe wou ons nie. Nou kan ons nie sonder sonde lewe nie, en ons wil ook nie.

Die ergste van alles is dat mens onder sulke omstandighede mense kan kry wat glo dat hulle sonder sonde is en dan hulle sondige lewens regverdig met die sonde van ander mense.

- Net soos Adam moet ons ook altyd aan iemand anders die skuld gee vir ons mislukkings, en ons foute.
- Maar God is nog net so heilig as wat Hy was toe Adam geskape is en daarom sal ons almal gestraf word deur sy regverdigheid. Want die oortreding lê by ons.

2. Die straf is swaar, omdat die sonde so groot is.

Die Here laat die volgende neerskryf:

Maar ooreenkomstig jou verhardheid en onbekeerlike hart vergader jy vir jou toorn as 'n skat in die dag van die toorn en die openbaring van die regverdige oordeel van God (Romeine 2:5 AFR1953)

Dit beteken dat die Here alles met 'n regverdige oordeel tydelik en ewiglik straf.

Dit is toe wat met Adam gebeur het.

- Hy is swaar gestraf oor die groot sonde wat hy gedoen het, al het hy probeer om homself te verontskuldig met Eva se oortreding.
- Die dorings en distels sal sy handewerk op die aarde vernietig.
- Wanneer sy werk aan die einde van sy lewe afgehandel word, sal hy die dood sterwe.
 - Sy liggaam sal weer stof word soos wat dit was voordat God hom geskape het.
 - Die liggaamlike dood is simbool van die ewige dood, naamlik om in die hiernamaals in die hel te wees.

Nou het sonde 'n groot probleem geword.

- Dit was meteens nie meer net ons daaglikse oortredinge teen God en ons medemens nie; dit was ook dié wat ons erf.
- Vir alle sondes (ons eie en die wat ons erf!) word ons gestraf met die swaar straf van die dood.
- Ons word van die lewenswortel afgesny – liggaamlik en geestelik.

Die dood is in alle opsigte erg en sleg.

- Die dood is liggaamlik erg, want ons liggame gaan dood.
 - Ons ontbind totdat daar van ons pragtige liggame niks oorbly nie.
- Die dood is geestelik erg omdat ons sondes ons van 'n blyplek in die doderyk verseker.

Ons straf is eintlik ook nog meer as dit, want ons sondes maak al in hierdie lewe die deur oop sodat die duiwel ons verder kan verderf, as God hom dit toelaat.

- Daarom word ons geteister met siekte, smart en hartseer; met teëspoede van allerhande soorte op elke lewensgebied.
- Ons sukkel in ons werk, huwelikslewe, gesinslewe, politiek, ens.
- So buig gelowige en ongelowige onder die magte van ongehoorsaamheid.
- Hierdie straf is solank ons op die aarde lewe. Elke lewensdag gaan ons onder die straf gebuk.

Dan volg daar nog die besondere straf wat die Here wegbêre vir dié wat nie uitverkore is nie. Vir die wat ongelowig bly, is die straf vir ewig.

- Hulle word in die finale oordeel niks verskoon nie – hulle word in die ewige duisternis verseël.
- Die duisternis se regte naam is die hel, waar daar baie plek is vir wanhoop, verwyte en duisternis. Die Here sê daar brand 'n onuitbluslike vuur.

3. Die straf oor ons is ook verseker, al is God ook barmhartig.

Hierdie straf is oor ons verseker, want die sondes wat ons doen, kan nie maar sommer net so blou-blou gelaat word nie.

- Tog word ons in ons oordeelsoomblik daarvan vrygespreek deur die Here Jesus Christus.

Wat beteken dit? Gaan ons nou hoegenaamd gestraf word of gebeur daar net mooi niks met ons nie?

- Die vraag is of die Here ons dan nog gaan straf, terwyl ons tog weet dat Hy barmhartig is.
- Natuurlik moet Hy straf! Barmhartigheid (of genade) beteken tog nie dat ons die Here tot in die oneindigheid toe kan bly versondig nie, en dat die Here maar net moet bly vergewe nie!

As God die sonde nie straf nie, sou Hy geen God wees nie.

- As die sonde nie gestraf word nie, beteken dit dat God nie teen die duiwel opgewasse is nie.
- Daarom moet God alle sondes na behore straf, as Hy die duiwel ook na behore wil straf, want die sonde word deur die duiwel bewerk.
- God moet sy heiligheid handhaaf en daarom moet Hy alle sondes straf met die hoogste denkbare straf.

Dit beteken nou nie dat God nie barmhartig is nie.

- God se straf oor Adam en Eva kon amper nog gehoor word, toe gee die Here al aan hulle die belofte van verlossing.
- Iemand uit die nasate van hierdie in-sonde-gevalle Eva gaan die slang se kop vermorsel.
- Die Here Jesus Christus sal gebore word, en Hy sal ons straf dra. Hy sal die pad terug na die hemel toe oopmaak.

Maar ons staan nie meer net met die belofte in die hand nie. Die Here Jesus Christus moet nie nog kom nie.

- Hy het klaar gekom, en nou staan ons met die vervulling van hierdie belofte.
- Hierdie Here Jesus Christus het egter 'n skerp skeiding kom bewerk.
 - Aan die een kant redding vir diegene wat aan sy verlossing glo en onder die geklank van die Heilige Gees se stem elke oomblik strewe na 'n beter lewe.
 - Maar aan die ander kant die dood en verwoesting oor dié wat God met 'n slegte lewe versoek. Daar is vir hulle nie genade nie.

Luister en word bekeer. Daar is geen sonde wat God nie vergewe nie, behalwe die sonde teen die Heilige Gees.

- Dis die sonde om te weet, en te hoor, maar desnieteenstaande God se genade te verwerp.
- Maar vir al ons ander sonde het daar 'n kruis gestaan, waaraan die Seun van God gestraf is – 'n vloek oorwin het.
- Die Here Jesus het met sy kruisdood die deure na die lewe toe vir ons oopgesluit as ons ons bekeer.

Kom ons lees saam wat ons belydenis hiervan verklaar in die Heidelbergse Kategismus Sondag 4.

Vraag 9: Doen God die mens dan nie onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie?

Antwoord: Nee (a), want God het die mens so geskep dat hy dit kon doen (b). Maar die mens het homself en sy hele nageslag as gevolg van die aanhitsing van die duiwel (c) en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof.

(a) Ef 4:24. (b) Gen 3:13; 1 Tim 2:13, 14. (c) Gen 3:6; Rom 5:12.

Vraag 10: Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?

Antwoord: Nee, glad nie; intendeel, sy toorn is verskriklik (a) sowel oor die erfsonde as oor die sonde wat ons self doen: Hy wil dit in die tyd en in die ewigheid met 'n regverdigde oordeel straf (b). Hy het immers gesê: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie (c).

(a) Gen 2:17; Rom 5:12. (b) Ps 50:21; 5:6; Nah 1:2; Eks 20:5; 34:7; Rom 1:18; Ef 5:6. (c) Deut 27:26; Gal 3:10.

Vraag 11: Is God dan nie ook barmhartig nie?

Antwoord: God is wel barmhartig (a); maar Hy is ook regverdig (b). Daarom eis sy geregtigheid dat die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God gedoen is; ook met die swaarste straf gestraf moet word – dit is met die ewige straf aan liggaam en siel.

(a) Eks 34:6, 7; 20:6. (b) Ps 7:10; Eks 20:5; 23:7; 34:7; Ps 5:5, 6; Nah 1:2, 3.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 89:17 (p. 448)

- 17 Gedenk, o HEER, hoe swak ek is: hoe kort van duur, / hoe nietig my bestaan, die dood wink ieder uur.
Wie leef daar wat die dood nie eenmaal sal aanskou nie? / Geeneen wat teen die mag sy lewe kan behou nie.
Skenk ons u guns, o HEER, help ons in donker stonde / na u belofenis, aan Dawids huis verbonde.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 13 Mei 2007 (aand)
Hulpdienspredikant Clanwilliam. Datum: 14 April 2013